**Skriflesing: 1 Korintiërs 12 vers 4-7 12-21 27-31 en 1 Korintiërs 13 vers 1-3**
**Tema: Ons is belydende ledemate van die liggaam van Christus**

Vanoggend lê 14 jongmense openbare belydenis van geloof af. Wat beteken dit om 'n belydende lidmaat te wees?
Ek dink nie ons het probleme met die woord belydend nie. Ek bely dat God my Vader is. Ek bely dat ek Jesus Christus in geloof as my Verlosser aanvaar het. En ek bely dat die Heilige Gees in my woon. In my lewe dra ek die vrug van die Gees. Die Gees seën my ook met 'n gawe of gawes wat ek in dankbaarheid uitleef.

Lidmaat is 'n woord wat ons nie in die Bybel kry nie. Daar is van ons wat dink dat om lidmaat te wees dieselfde is as om lid van die ATKV te wees. Ek betaal my lidmaatskapbydrae, in die kerk noem ons dit dankoffer, en daarvoor moet daar sekere dienste aan my gelewer word. As lid van die ATKV verwag ek spesiale afslag en dat my huisie mooi skoon moet wees wanneer ek by een van hulle oorde aankom. Net so is daar ook lidmate wat dankoffer gee en wie se naam op die boeke is, wat terugsit in die gemeente en verwag dat daar aan hulle diens gelewer moet word. Die kerk as liggaam van Christus werk nie so nie.

In die gemeente in Korinte was daar ook nog 'n ander probleem. Daar was sekere lidmate wat gedink het dat hul gawes belangriker as dié van ander was. Hulle het onder andere gespog met gawes van profesie of genesing of spreek in tale. En mense met dié gawes het groepe gevorm in die gemeente. Hierdie groepe het gedink dat hulle gawes beter en belangriker was as die ander gawes. Hulle het gedink hulle is belangriker as die ander lidmate. Die vorm van hierdie groepe het die gemeente misvorm en siek gemaak. Die kerk het in die intensiewe eenheid beland. Uit ons gelese gedeel is dit baie duidelik dat die kerk nie so werk nie.

Die Here gee deur Sy dienskneg, Paulus, aan ons hier drie belangrike eienskappe van Sy kerk en van belydende lidmaat wees.

1. **Ons is een liggaam met Christus as hoof**

In 'n gemeente gaan dit oor Christus. Ons soek na Sy wil en leiding. Hy is ons Hoof. Ons is hier om Hom te eer. Ons streef na dit wat ons lees in Kolossense 3 vers 11: "Hier is dit nie van belang of iemand Jood of Griek is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal."

2. **Almal van ons het 'n gawe/s van die Heilige Gees gekry**

'n Gawe is niks anders as 'n geskenk wat die Heilige Gees vir ons gee nie. Daarom het ons geen rede om daarmee te spog nie. Nog gedeeltes waarin ons lees van die verskillende gawes wat die Gees gee, is Romeine 12, Efesiërs 4 en 1 Petrus 4. Ek lys hier 'n paar van die gawes:

- goeie raad gee/onderrig gee
- goeie onderwyser
- blindelings op die Here vertrou
- die Gees maak deur sommige mense gesond
- onderskei tussen geeste
- gawe van ongewone tale en die uitlê daarvan
- goeie nuus van die Here oordra, onder andere deur prediking
- maak ander touwys in die Here se wil

- ander help/dien/gee
- organiseer – gemeentebedrywighede vlot laat verloop
- vakmanskap – ontwerp en doen van werk
- bemoediging
- leiding neem
- musiek
- gasvryheid, tegnologie

Die Heilige Gees gee nie minder en meer belangrike gawes nie. Elkeen is onmisbaar belangrik in die gemeente as liggaam van Christus. En God gee vir ons plek in Sy gemeente. Ons lees in 1 Korintiërs 12 vers 18: "Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê."

Waarom kry ons gawes? Ons kry dit vir seker nie vir eie gebruik of om daarmee te spog nie. 1 Korintiërs 12 vers 7 laat geen ruimte vir onsekerheid hieroor nie: "Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal."

En dit bring ons by ons derde en laaste punt:

**3. Gawes dien alleen 'n doel as dit in liefde geleef word**

Hoe lyk liefde? Jesus Christus is die volmaakte voorbeeld van liefde. Dit het nooit vir Hom oor Homself gegaan nie. Hy het gekom om ons sonde en dood te oorwin. Liefde is om die behoeftes en belange van ander bo dié van myself te plaas. In 1 Korintiërs 13 vers 3 lees ons dat al sterf ek vir iemand anders en doen ek dit sodat ander my sal verheerlik as held en my foto in die koerant kan verskyn, maar ek doen dit nie uit liefde nie, dan beteken dit niks.

Wat is 'n belydende lidmaat?
Dit is om te bely dat die Here ons Verlosser is en Hy ons almal in geloof deel maak van Sy een liggaam waarvan Hy die Hoof is. Ons almal ontvang van die Heilige Gees 'n geskenk/e om te gebruik tot eer van God. Ons gebruik ook, in liefde, hierdie gawes tot voordeel van ander. Dit is wat ledemate van die liggaam van Christus doen.
**Amen**